

**4 September**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-14**  
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:14**

**Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang nie – Ons geheime sondes het gevolge**

Ons reken dikwels dat ons sondes geheim is en dat God later van tyd ook maar daarvan vergeet het. Hy vergewe mos. Die omvang en inpak van ons sondes raak ons dikwels nie eers nie.

So gaan dit ook met Dawid wat sy sonde met Batseba toegesmeer het. Hy het later daarvan vergeet. Maar God vergeet nie ons sondes nie. Hy soek Dawid op deur sy profeet. Natan vertel vir hom die verhaal van 'n ryk man, met baie skape, wat die enkele skapie van 'n arm man gevat het om vir sy vriend te slag. Hieroor is Dawid woedend en eis dat die ryk man doodgemaak word. Maar toe moet Dawid sy eie doodsvonnis uit die mond van Natan hoor: "U is die man!"

Ek wonder dikwels hoe blind is ons vir ons oortredings en sondes? Is ons nie gou om ander te veroordeel, maar kyk nie graag in ons hart in nie? Ek is reg – die ander ou is verkeerd ...

Dawid bely sy sonde. Ja, God het vir Dawid vergewe, maar sy genade is nie goedkoop nie. Daar moet wel 'n hoë prys vir sy sonde betaal word. Dit kos nie minder as die dood van Dawid se seun, rusie in sy eie huis en 'n swaard oor sy koningskap nie. As mense dit maar wil besef! Daardie buite-egtelike verhouding vernietig jou huwelik. Daardie skelm, voorhuwelikse seks laat jou dalk lewenslank onderhoud betaal. Daardie slegte gedagtes in jou binnekamer vertroebel verhoudings na buite. Jou aanhoudende geskinder jaag jou vriende weg. Ons geheime sondes het onberekenbare gevolge vir ons eie lewe, vir ons verhoudings en posisie wat ons beklee. Veel meer nog: God se Naam word hierdeur deur die modder gesleep!

Veel later het 'n ander seun van Dawid, ons Here Jesus Christus, in Dawid se plek en in ons plek gesterf deur ook ons geheime sondes op Hom geneem. Slegs langs hierdie pad kan God met ons in genade aangaan. Al bly die gevolge van ons sondes dikwels nog daar, gee Hy nou aan ons sy Gees wat ons nuut maak sodat ons die gevolge van ons sonde kan verwerk en maak Hy dit vir ons draaglik.

Waartoe bring die gevolge van ons sondes ons? As Dawid tot hierdie sondebelydenis kom by die sterfbed van sy seuntjie, behoort ons na die sterwende Seun van God te kyk en na te dink dat sy doodstraf eintlik op ons moes afkom. Dit behoort ons klein en nederig en diep dankbaar voor God te maak. Nog meer: skuldbewus, omdat ons weet ons het alle regte op genade en vrede verspeel. Alleen dan sal ons verwonderd staan dat God nogtans, ondanks al ons sondes, aan ons genade en vrede skenk. Dit kan ons net besef as sy Gees ons nuut gemaak het.

*Sing: Psalm 32:1, 6 (1936)*

*Ds. T.J. Potgieter (Port Elizabeth)*